Want solank as wat ’n mens huil oor dit wat jou ongelukkig in die verlede gemaak het; solank as jy daar sit en trane stort, gebeur niks.

Jy moet besef dat die tyd van trane stort is daar, maar jy moet dit agterweë laat en jy moet vorentoe gaan en ons moet vandag weer eens hierdie gebeure sien as ’n geleentheid om ons griewe, ons ongelukkighede – wat ons nie self deurgemaak het nie, maar wat ons voorouers deurgemaak het – om dit agterweë te laat en vir ons ’n toekoms te skep.

Ons roep dus vandag hier die gees van eenheid en die gees van

versoening. En al die leiers wat voor my gepraat het, het dieselfde gesê.

Eenheid onder onself is die beginpunt, want ons het reg van die begin af, toe ons na 1995 begin het om te ontwaak, begin om ’n nuwe stryd aan te sê en ons het gesê ons gaan met hierdie nuwe regering baklei tot hul ons erkenning gee.

En in 2019 het daai erkenning met die tekening van ’n wet plaasgevind. Ongelukkig het daai wet nou ’n pad geloop, waar hy weer terug in die regeringsale is, maar hy gaan uiteindelik weer daaruit kom.

Ons het daar erkenning gekry. En toevallig genoeg in dieselfde jaar, kry ons ook erkenning vir ons inheemse kennis. En ons inheemse kennis oor rooibos tee en ander bioprodukte was die geboorte van die trust wat pastoor Johannes Maarman vandag as voorsitter lei.

Hy het netnou gesê hoe moeilik dit is, en hoe sosiale media en van onself kritiek lewer en ongegronde aantuigings maak, soveel so dat hulle dalk vir my en pastoor Maarman ’n nuwe naam moet gee, nie voorsitter nie maar voor-steler.

Die ironie hiervan is dat die mense wat hierdie goed sê kon al die uitdaging aanvaar het deur te kom bewys dat die mense die geld steel. Nie een het dit sover gedoen nie, maar hul beswadder jou naam.

As ons leiers van formaat is sal ons hierdie aanslae teen ons die hoof bied en ons sal voortgaan want self Jesus Christus was aangeval en daar het ook sulke aantuigings na hom toe gekom.

So wie is ons dan? En as ons as leiers nie sterk genoeg staan nie, sal alles mos tot niet gaan, so ons moet maar daai winde vat en staat maak op die gebed en die Bybel.

As ons praat oor eenheid het ons in die NKR en in die Trust besluit dat ons sal uitgaan en ons sal maniere vind hoe ons eenheid onder ons mense kan bewerkstellig.

Ons het tot die besef gekom dat ons strukture moet stig vir die Nama, Griekwa, Koranna en Kaapse Khoi. En hierdie strukture is ’n Nama Raad, ’n Griekwa Raad en ’n Koranna Raad. Die Kaapse Khoi sal ook binnekort hulle raad stig.

Dit sal vir ons in staat stel om met een liggaam te praat – as ons met die Griekwa praat, praat ons met die raad want dit is verteenwoordigend van al die Griekwa-groepe. So die boodskap wat jy aan hierdie raad oordra word onmiddellik versprei na alle Griekwa-groepe.

Die NKR staan vandag voor geweldige uitdagings. Soos wat ons reeds gehoor het is die regering besig om die NKR in ’n verleentheid te bring – om

die NKR te elimineer, ten koste van ’n super-struktuur.

Hierdie bedreiging kom op ’n tyd dat die NKR baie belangrike sake het om te hanteer en dit is daarom dat ons vir die Griekwa, die Nama, die Koranna, die Kaapse Khoi en die San vra om bankvas agter die NKR te staan.

Die mense wat vroeër in die jaar by Birchwood, in Johannesburg was, sal weet dat toe ons daar was het die regering by monde van hul minister die land se grondwet – wat spreek van demokrasie – verkrag as jy dit so kan sê.

Want die meeste van die groepe wat ek nou genoem het reeds gesê hul ondersteun die NKR, en die oorgrote meerderheid van die mense wat in daai konferensie was het gesê ons gaan saam die NKR.

Maar die minister het uitgekom en gesê hy stig ’n super struktuur. Met ander woorde hy minag die verkiesing wat plaasgevind het en die uitslag van die verkiesing omdat hy sy wil wou afdwing.

Daarom het ons gesê die NKR sal nie gaan lê nie. Ons gaan nie toelaat dat hulle ons vertrap nie, want ons weet dat ons mense staan agter ons.

Hulle het dit reeds bewys en ons vra dat daar groter bewyse kom deur groter ondersteuning aan die NKR, want ons wil die NKR so verteenwoordigend as moontlik hê.

So as daar mense daar buite is wat sê die NKR verteenwoordig nie vir ons nie, dan wil ons sê kom dat ons julle inlyf. Kom raak deel van die NKR so dat ons almal kan in die kraal kry.

Ons het dit ook vir die regering gesê maar hulle het dit ook verwerp, so hulle het duidelik ’n ander agenda en hulle het duidelik ’n politieke agenda.

Ek wil vandag vir u sê die erkenning van Khoi en San mense lê nie opgesluit in party-politiek nie, dit lê opgesluit in die eeuelange bestaan van Khoi en San mense in hierdie land.

Ons hier-wees moet nie polities erken word nie, dit moet erken word deur die Grondwet van die land, en dis waarna die NKR streef, ons wil grondwetlike erkenning hê, nie politieke erkenning. Ons sal nie rus voor ons dit bereik het nie.

Die regering moet besef hulle het aan die verkeerde kruittjie-roer-my-nie geraak.

Nou ek wil vir u vandag bemoedig deur vir u te se dat die Khoi-khoi Biodiversiteit trust sal uit hul pad uit gaan om die Griekwa, Nama, Koranna en Khoi te bemagtig.

Leier Stanley Peterson het voorgestel ons moet koeie koop wat gemelk kan word.

Dit het ’n praktiese, maar ook ’n simboliese betekenis in die sin dat as

jy iets tot stand bring waaruit jy kan voordeel trek, dan maak jy nie daai ding wat vir jou die voordeel gee dood nie, jy voed daai koei dat die koei genoeg melk kan produseer sodat jy aanhoudend kan melk.

Dit is my analogie wat sê dat ons op ’n pad moet kom waar ons die Khoi en San mense van hierdie land sosio-ekonomies bemagtig sodat ons kan uitstyg.

Sodat ons dit wat hier begin is, waar ons verdeel en onderdruk en ons eien-domme te onteien is, sodat ons dit kan regstel en sodat ons weer die trotse volk kan word wat na onself kan omsien, wat ons eie grond gaan terugkry, so ons moet onverpoos werk daaraan.

Werk saam om vroue, jeug te bemagtig

“Die bemagtiging van vrouens en jongmense is van kardinale belang, want vroue is die dokters, die klere-makers, die onderwysers.

So het Gert Links, voorsitter van die Nama Volksorganisasie by die oorhandiging van naaldwerk masjiene aan tien Griekwagroepe gesê.

Die masjiene is gekoop van die miljoen rand wat die Khoi-Khoi Rooibos-trust in Januarie vanjaar aan die Griekwas oorhandig het.

“Ons as die Nama gaan hierdie voorbeeld van die Griekwa volg.”

Links het verduidelik dat die Rooibos Trust uit die Nasionale Khoi-San Raad (NKR) ontstaan het, en het hulle bedank vir hul onvermoeide werk.

“Danksy die NKR, wat hul voet neergesit het kan ons mense nou bemagtig word.

“Ek is trots daarop dat ek vandag nog hier kan wees. Ek is een van die mense wat deel van die NKR was van die begin af.”

Hy het ook almal bedank wat bygedra het tot hierdie noemenswaardige geleentheid.

“Laat ons aanhou om saam te werk vir ’n groter toekoms vir ons almal.”



CECIL LE FLEUR, VOORSITTER VAN DIE NASIONALE KHOI-SAN RAAD.



GERT LINKS

Griekwa-vroue bemagtig met naaldwerk-masjiene





GESKIEDENISLES: Kapt. Aaron Messelaar, wys waar die Griekwa-voorvader Adam Kok I diens gedoen het. **Bo links** is die stoof wat in die 1700's gebou is en **regs onder** is die waterput.

Hier was Griekwa-stamvader die kok

ZENZILE KHOISAN

Na afloop van die naaimasjien-oorhandingseremonie in die Kasteel, het Kaptein Aaron Messelaar, senior Griekwa-leier, almal teenwoordig bymekaar geroep om te wys waar een van die Griekwa se stamvader as kok diens gedoen het vir die koloniale goewerneurs.

“Hierdie deel van die Kasteel, reg onder die Goewerneurskwartier, het vir die Griekwa-volk groot betekenis.

“Dit is hier, in die destydse kombuis, waar ons stamvader, Adam Kok I, as kok gedien het,” het Messelaar gesê.

Die eertydse kombuis kan bereik word deur met ’n

paar trappe af te loop tot onder die destydse Goewerneurskwartiere.

Die eeuoue stoof, wat waarskynlik in 1714 ingebou is, kan steeds gesien word, hoewel dit oor die jare verweer het, met die deure wat stukkend is.

Messelaar het die gereedskap wat sy stamvader in die kombuis sou gebruik het uitgewys, asook ’n skets gewys van Adam Kok I, wat volgens hom in ’n Engelse koerant in die in die vroeë 1700s verskyn het.

“Dan is hier ook die watergat, of put, omdat daar nie krane soos vandag was nie.

Die put is steeds hier en daar is steeds water in die put waar die vroeë bewoners die water uitgeskep het,” het Messelaar die gaste ingelig.

Adam Kok is in 1710 as Adam Eta gebore. Sy ouers het in 1713 gesterf, waarskynlik tydens ’n pokke-

epidemie en hy is toe deur sy oom en tante in die omgewing van Piketberg grootgemaak.

Hy het die slaaf geword van die Nederlander, Jacobus Hollander, wat hom in ruil vir ’n stuk grond aan die goewerneur van die Kaapkolonie (Jan de la Fontaine) aanbied het.

Hy het toe as kok vir die goewerneur gewerk en neem die naam Adam Kok aan.

Omdat die volgende goewerneur (Hendrik Swellengrebel) sy eie kok gehad het, word Kok opgesluit. Die volgende goewerneur (Ryk Tulbagh) stel Kok vry en vergoed hom vir sy gevangenskap.

Na sy vrylating ontmoet Kok die Chariguriqua-stamhoof Koos Kleinman, wat hom as sy opvolger aanwys. Hy tree in die huwelik met Donna Gogosa, die dogter van ’n stamhoof van die Chariguriqua.

Beweeg vorentoe as een

“Vandag gaan oor die feit dat ons nie meer hoef bakhand te staan nie. Of onder die boom moet gaan wag tot die baas reg is.”

Dit was die woorde van chieff Zenzile Khoisan, stamhoof van die Gorinhaiqua en voorsitter van die First Nations Collective tydens die oorhandiging van naaimasjiene aan Griekwa-vroue.

Hy het gesê dit gaan vandag oor hoe ’n nasie stewig gebou word vir die pad vorentoe.

“Ons was vroeër vanjaar by ’n konferensie en toe sien ons voor ons oë hoe ons geminag word. Hoe dwarsstekery uitspeel en hoe mense kom met dubbelsinnige konsepte wat op ons afgedwing word.”

Khoisan het gesê hy praat namens die Gorinhaiqua wat stewig staan as Kaapse Khoi.

“Vandag staan ek hier met groot leiers wat saam was by Birchwood in Boksburg, en wat ons deurgemaak het, moet ons nooit weer ervaar nie, want as ons vorentoe wil beweeg, moet ons beweeg as een volk.”

“Die Namas kan nie dié kant toe, die Griekwas daai kant toe, die

Korannas, duskant, die San soontoe. en die Kaapse Khoi daarheen nie.

“Nee, ons is een volk. Dit is enigste manier hoe die regering ons gaan respekteer en waar ons menswaardigheid herstel kan word, ons erkenning kan kry en ons vergoed kan word vir die bloedspoor wat ons getrap het.

Dit gaan oor ons onteining, die marteling wat in hier in die Kasteel plaasgevind het, waar ons mense met die kettings – wat steeds hier is – vasgeboei was. Dit mag nie weer gebeur nie. Ons moet as een volk opstaan. En die politici moet uit ons kulturele sake bly. Die KhoiSan herlewing is ’n geestelike en kulturele saak.

“As ’n volk wat homself moet vind, het ons Hemelse Vader vir ons belowe in Jer. 29:11: *I know the plans I have for you*. Ons Hemelse Vader weet – nie die besighede, nie die slinkse politici nie – Hy weet.

Die groot Skepper van die heelal sê Hy het planne om ons hoop te gee en ’n toekoms. Die Hemelse Vader se Woord is sy Woord. En ons staan bankvas agter daardie Woord.



ZENZILE KHOISAN

Self-onderhoudend is doelwit

“Daar is twee dinge wat ons as Griekwa gaan bevorder: dit is vroue bemagtiging en die jeug,” het Stanley Peterson, onder-voorsitter van die KPRBT en die Griekwa Nasionale Raad, by die oorhandiging van naaimasjiene aan Griekwa-vroue gesê.

Peterson het gevra dat daar in vroue belê moet word, as die moeders van die Nasie. Hy het toe die vergelyking gemaak tussen ’n man en vrou indien jy hulle R10 gee om iets vir die huis te koop.

“Die man sal net een brood koop, terwyl die vrou ’n halwe brood, een ui en twee tamaties sal koop.

“Ek bly in ’n plek wat ons Khoisan Valley noem, op Uptington. Toe ons destyds die erwe uitdeel toe is is daar net vroue. Toe ons later omkom met die lyste, lê daar ’n man op die bed en vra: ‘Vir wie soek jy?’

Hulle was nie daar toe daar geplak word nie. Die huis is nou klaar gebou en nou is hy die baas.”

Nog ’n projek wat die Griekwa in Uptington aangepak het om die gemeenskappe selfonderhoudend te maak, was om bokke aan te koop om sodoende ’n Griekwa-vroue veebank te begin.

“Die 75 bokke is gekoop. Die eerste

lammers van die bokke gaan aan ander drie vroue, wat op hulle beurt weer nog drie vroue bemagtig – sodat ons ’n hele mark kan hê van Griekwa-vroue. En so bring ons daai ekonomie weer stadig, maar seker terug. Ons wil nie meer bakhand by die regering staan nie.”

Peterson het ook met voorstelle gekom vir ander groepe wat die oorhandiging by die Kasteel bygewoon het.

“Koop melkkoeie aan en julle sal vir die res van jul lewe elke dag melk hê.

Een of paar beeste gee vir ’n hele winkel melk.”

Peterson het ook verder vir eenheid onder die KhoiSannasie gepleit.

“Ons pleidooi vandag aan ons broers is dat die regering nie na ons sal luister as ons nie as ’n eenheid saam praat en staan nie. Ons kan maar hoe baklei, maar as ons nie ’n eenheid is nie, is dit verby.”

Hy het toe aan die hoof-uitvoerende beampte van die Kasteel, Calvyn Gilfellan, gesê dat die Griekwa ’n standbeeld van Adam Kok I by die Kasteel eis.

Volgens Peterson is van die standbeelde wat by die Kasteel uitgestal word, leiers wat nie in die Kasteel gebly het nie, “terwyl Adam Kok I, ons voorvader, hier as gebly het, maar hier is nie ’n standbeeld van hom nie,” het Peterson gesê.



STANLEY PETERSON

Nou kan ons voorouers in vrede rus, sê Khoi en San

ZENZILE KHOISAN

Leiers van Suid-Afrika se Khoi en San inheemse gemeenskappe is hard aan die werk om die oorskot van hul voorouers van oor die wêreld terug te bring en die beendere te herbegrawe.

Volgens die taakspan wat betrokke is met die repatriasie-projek, wat ook die regering en erfenis-strukture insluit, is die beendere van Khoi en San voorouers onwettig en onmenslik uit die land geneem.

Die leiers sê dit is belangrik vir die herstel van menswaardigheid om hul voorouers se beendere met volle inheemse protokol te ruste te lê. Hul hoop dat dit in Erfenismaand, in September kan plaasvind.

Inheemse leiers van die Noord-Kaap het beklemtoon dat die herbegrafnis van die menslike oorskot van sowat 64 van hul voorouers 'n belangrike proses is, veral vir die genesing van die gemeenskappe van waar die voorouers op so 'n wrede manier van hul Komvandaan gekaap is.

Hierdie voorouers se beendere is onwettig van grafte dwarsoor die Noord-Kaap tydens die koloniale periode deur wetenskaplikes opgegrawe vir navorsing en dan op verskillende plekke herbegrawe in Suid-Afrika, asook in ander lande, onder meer Skotland.

Onderhandelinge is aan die gang om die oorskot van ses inheemse mense van Skotland terug te bring. Indien dit goedgekeur word, sal dit hopelik in Augustus plaasvind.

As deel van die repatriasie projek, wat al meer as 'n dekade aan die gang is met Iziko Museums, is daar behoorlik ondersoek ingestel om presies vas te stel van watter plekke die voorouers se oorskot van hul laaste rusplekke weggevat is, asook die stamme waaraan die voorouers



JAMES MAPANKA, NAMA-LEIER, EN REPATRIASIE PROJEK-LEIER

gekoppel was.

Volgens James Mapanka, die projek leier, is daar ook DNA toetse uitgevoer as deel van die identifikasie proses.

“Meer as 100 jaar gelede is ons mense op 'n onwettige manier opgegrawe in die Richtersveld en op baie ander plekke in die Noord-Kaap, die Kalahari, Hopetown, asook by Witbank waar drie lyke opgegrawe was,” het Makanka gesê.

Volgens die projek-leier is die grootste oortreding gepleeg naby Steinkopf in die Namakwa-streek, waar die beendere van 58 opgegrawe is.

Mapanka het verduidelik dat die hoofdoel van die herbegrawings-proses is om “versoening en genesing te bring”.

Ander inheemse leiers het ook hul mening uitgespreek hieroor, spesifiek oor wat dit beteken vir die geskiedenis van Khoi en San in 'n land waar hul steeds nie amptelik erken word die inheemse volk nie.

Volgens Barend Van Wyk, voorsitter van die Nasionale Griekwa

Raad, bewys hierdie proses van die herbegrawing van die voorouers 'n bevestiging van die Khoi en San se bestaan in die land.

“Baie mense meen dat ons uitgewis is, maar hierdie terugbring en herbegrawing van ons voorouers se beendere, bewys dat ons nie uitgewis is, maar wel onder bedreiging is,” het Van Wyk gesê.

Oor die dekades is hierdie saak as 'n dringende kwessie oorgedra aan die regering, asook aan internasionale ligame in die buiteland soos die Verenigde Volke Organisasie (VVO).

Een van die leiers wat ook hierdie saak gedryf het, is Oudste Petrus Vaalbooi, tradisionele leier van die Kalahari Boesmans.

Hy beskou hierdie deurbraak waar die voorouers uiteindelik teruggebring en behoorlik en opreg ter ruste gelê kan kan word, as 'n groot oorwinning.

“Daar is groot blyskap in my hart want nou kan ek my groot-groot ouma



PETRUS VAALBOOI, KALAHARI BOESMAN-LEIER

Iziko Museums actively involved with repatriation

Iziko Museums, in collaboration with other South African government agencies, is actively involved in the repatriation of Khoi and San human remains.

This process aims to return these ancestral remains to their home territories for reburial, fulfilling cultural and spiritual responsibilities and restoring dignity.

The repatriation efforts involve consultation with affected communities.

The Northern Cape Reburial Task Team, representing the Nama, Griqua, Korana, and San communities, is guiding the reburial process and ensuring it aligns with cultural practices.



BAREND VAN WYK, VOORS. VAN GRIEKWA NASIONALE RAAD

Returning of remains restoration of healing, dignity – Minister Gayton

For far too long, the remains of South Africa's First Peoples, including the Khoi, San, and other indigenous groups, were taken without consent, commodified, and used to support racist ideologies, said the office of Gayton McKenzie, Minister of Sports, Arts and Culture.

The minister said at a press conference this month that money should not be an object when dealing with the repatriation of the Khoi and San, as well as other struggle heroes of South Africa.

The bones of the ancestors of the indigenous people were collected through grave robbing and illicit trade and were treated not as human beings, but as specimens for exploitation, Min. McKenzie said.

“Their remains were kept in institutions across the country and abroad under colonial and apartheid rule for decades.

In 2021 the Cabinet approved a National Policy for the Repatriation and Restitution of Human Remains and Heritage Objects, which created a structured framework for coordinated, country-to-country repat-



GAYTON MCKENZIE, MINISTER OF SPORT, ARTS AND CULTURE.

riation and set the foundation for a more inclusive and state-led redress process.

“This marks the beginning of our efforts to correct these injustices,” McKenzie said.

The minister said, through the department's implementing partners, namely Iziko Museums of South Africa and the South African Heritage Resources

Agency's Repatriation and Restitution Office, “we will lead the reburial of 58 ancestral remains that originate from the Northern Cape”.

According to the minister this process is being carried out in full consultation with affected communities. It is guided by the Northern Cape Reburial Task Team, which represents the Nama, Griqua, Koranna, and San communities.

“This reburial is more than a physical act of returning remains to the soil. It is the restoration of dignity. It is the fulfilment of long-standing cultural and spiritual responsibilities. It is a moment of healing for communities that have suffered centuries of erasure and displacement.

“In addition, we are engaged in active discussions with the Hunterian Museum at the University of Glasgow regarding the return of more Khoi and San ancestral remains.

The minister called on other institutions, both local and international, to commit to genuine and action-oriented processes of restitution and repatriation.

Regering moet met álmal praat

Die ANC se onlangse gesprek met die sogenaamde Afrikanerleiers-netwerk het betrekking. Wat 'n skande vir die ANC om in afsondering eensydige gesprekke met slegs Solidariteit, AfriForum, Saai en die Afrikanerbond te voer oor dringende kwessies in die land!

En dan slegs met 'n spul mans sonder om 'n vrou se stem te laat hoor!

Moet ons vandag nog steeds vra: "Wie is die Afrikaner?" Verwys Afrikaner in hierdie hedendaagse konteks dan steeds na slegs een demografie, soos wat dit uit hierdie eensydige gesprek wil voorkom?

Ons land se grondwet is vir almal. Ek beskou hierdie eensydige vergadering as 'n groot klap in die gesig van die vele Afrikaners uit die breë gemeenskap wat 'n ryke verskeidenheid van Afrikaner-identiteite weerspieël met Afrikaans as moedertaal, myself inkluis.

Hier verwys ek na gemeenskappe wat insluit bruin, wit, swart en Indiër Suid-Afrikaners. Dit is gevaarlik as jy slegs met een groepering ontmoet wat Afrikaans praat en hulself Afrikaner noem – groepe Afrikaners wat in ons 31-jaar oue demokrasie steeds al die voorregte uit die vorige bestel geniet – oor dringende kwessies wat almal in die land raak.

Vanne soos myne, "Le Roux", bevestig boonop my en vele ander se identiteit as Afrikaners deurdat Franse Hugenote van ons Khoi-grootoumas hul slawe gemaak het en kinders by hulle verwek het wat soos hulle lyk maar wat hulle as hul afstammelinge verwerp het.

Verder deel Suid-Afrikaanse geskiedenisgeleerdes ook die siening dat die term Afrikaner rofweg gebruik is om plaaslik Kreoolse mense van gemengde Khoi, San, Nederlanders, Baster, Griekwa en ander koloniaal-gebore individue te beskryf gedurende die VOC se kolonisasie van die Kaap.

Ek stem heelhartig saam dat "Kill the Boer" glad nie gesing moet word nie. Geen "boer" moet doodgemaak word nie, hoewel die term "boer" in die apartheidstyd ook betrekking gehad het op wit mense wat rassisties was en dié in

Afrikaner-liggame, wat verteenwoordig is deur Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, Dirk Hermann, uitvoerende hoof van Solidariteit, dr. Theuns Eloff en dr Theo de Jager van die Suider-Afrikaanse Landbou-inisiatief (Saai) het in Mei met die ANC vergader oor verskeie kwessies.

Volgens Fikile Mbalula, sekretaris-generaal van die ANC het die vergadering gegaan ook patriotisme, nasionale debat en nasionale konsensus.

Die Afrikanerleierskap-netwerk het veral kritiek oor sommige van die landswette, soos die Onteieningswet, die Wysingswet op Basiese Onderwys (Bela), asook die Nasionale Gesondheidsversering, en die land se buitelandse beleid.

"Die vergaderings vorm deel van die ANC se werk met die oog op die veel verwagte nasionale dialoog waar moeilike kwessies bespreek sal word," het Mbalula gesê.

Hy het verder gesê hierdie kwessies raak nie net een ras nie, maar al die

Sy beskou dit as 'n skande en klap in die gesig van die vele Afrikaners wat 'n ryke verskeidenheid van Afrikaner-identiteite weerspieël dat die Regering net met een groep Afrikaner gepraat het, skryf **MARLENE LE ROUX**, Hoof-Uitvoerende beamppte van Kunstekaap in Kaapstad.

** Kort opsomming van die vergadering tussen die Afrikanerleierskap-netwerk en die ANC onder aan die bladsy*



MARLENE LE ROUX VAN KUNSTEKAAP

die weermag en polisiemag.

In die nuwe Suid-Afrika verwys "boere" na wit-, swart-, bruin- en Indiër-mense wat voedsel verskaf en die land se ekonomie aan die gang hou. Dus sê ek: Weg met die apartheidsterme!

Die ANC vind dit goed om met een groep Afrikaners te praat, maar weier om in-diepte gesprekke te voer met die Khoi / San/ Nama – die eerste ware Afrikaners – wat nog steeds uitgesluit word en steeds aan die agterspeen suig.

My grootste vrees is dat ons al hoe meer wegbeweeg van 'n Suid-Afrikaanse identiteit en hier besig is met nasionalisme, wat heeltemal teenstrydig is met ons land se Grondwet.

Ons "leiers" hou gesprekke wat nie fokus op die toekoms en welstand van ons kinders nie. Ek wil volmondig uitroep: Hou net op, asseblief!

Ek is 'n trotse Afrikaanssprekende binne 'n diverse samelewing wat onlangs saam met die Suidoosterfees meer as 15 000 Suid-Afrikaners oor 'n naweek by Kunstekaap in Afrikaans gedien het,

en dit opgevolg met 'n kinderfees in Afrikaans vir 12 000 kinders!

Ons by Kunstekaap is ook alreeds besig met ons Isixhosa Hoërskoolfees vir die duisende leerlinge in ons provinsie wat Isixhosa as hul moedertaal beoefen. Ons sluit alle Afrikaners – vroue én kinders – in. Ons los niemand agter nie!

Waarom gaan sekere "wit" organisasies steeds voort om bruin Afrikaners en ook ander wit Afrikaners uit te sluit wat nie deel is van hul dampkring nie?

Die geheimsinnigheid en uitsluiting van die groter Afrikaanse gemeenskap gaan my verstand te bowe. Waarom steeds eensydige gesprekke voer oor dringende kwessies? Wat is dringender as die toekoms van ons kinders? Genoeg is genoeg! Praat met almal! Sluit almal in! Ons is Afrikaans! Ek is 'n Afrikaner!

Die tyd is ryp om 'n alternatiewe en inklusiewe Afrikanerbeweging op die been te bring bestaande uit alle Afrikaanssprekendes ongeag hul etniese agtergrond, wat gebaseer is op die waardes van die Grondwet en wat sal fokus en meehelp om die nuwe Suid-Afrika waarmee ons met groot entoesiasme in 1994 begin bou het, weer aan die gang te kry!

Kom ons begin saamstaan teen korrupsie. Kom ons staan saam vir geregtigheid vir almal insluitend gestremdes.

Kom ons leer by die proaktiwiteit van 'n land soos Kenia wat met hul Wetson-twerp vir persone met gestremdhede, laasgenoemde se regte tot opvoeding, werk, gesondheidsdienste en toeganklike openbare ruimtes bekragtig, met die duidelike opdrag aan nasionale en streeksregerings om hierdie bepalings uit te voer.

Kom ons leer by en ondersteun organisasies soos Lief en Leed vir mense met gestremdhede, wat deur mense met gestremdhede in Mamre begin is om alle mense te bemagtig, mense wat 'n daaglikse stryd voer om te oorleef.

Ons as burgers van die land moenie stilbly nie maar ons stem te alle tye uitbring om inklusiwiteit op alle vlakke te beoefen. Dit is waarop ons moet konsentreer in Suid-Afrika.

‘ANC gesprek met Afrikaners raak almal’

groepe in die land, "en dit is belangrik dat ons kyk na situasies in ons land en hoe mense kan bydra in terme van hul vaardighede om 'n ekonomie te bou wat werk en dit is vir ons belangrik.

"Die meeste van hierdie dinge kan by die tafel gewen word deur bloot 'n gesprek te bevorder," was Mbalula se reaksie.

Mzwanele Nyhontso, leier van die PAC, het as voorsitter op die vergadering gedien.

Nomvula Mokonyane, Lindiwe Sisulu en Bathabile Dlamini van die ANC het ook die vergadering bygewoon.

Volgens Mbalula is die ANC daartoe verbind om gesprekke met almal in die land te voer en om te wys hoe sommige van hul aktiwiteite Suid-Afrika se soewereiniteit benadeel en terselfertyd

hul eie verbintenis tot nasionale konsensus bevraagteken.

Christo van der Rheede, uitvoerende direkteur van die FW de Klerk-stigting het ook sy kritiek uitgespreek op die gesprek tussen die ANC en die Afrikanerleierskap-netwerk.

Hy het onder meer gesê die geheimsinnigheid oor die gesprek en die uitsluiting van die groter Afrikaanse gemeenskap gaan sy verstand te bowe.

"Die tyd is ryp om 'n alternatiewe en inklusiewe Afrikaner-beweging te begin bestaande uit alle Afrikaanssprekendes, ongeag hul etniese agtergrond, was sy mening.

Hy het ook gesê groepe kan nie namens alle Afrikaners praat nie, want hulle het ook belange by die wette wat bespreek is en moet ook hul sê daaroor

kan sê.

Dr. Theuns Eloff, het in sy reaksie op die kritiek gese dié netwerk het nie die keuse gehad om 'n groter groep na die gesprek te bring nie.

"Daar is nou 'n dringendheid aan so 'n gesprek wat daar nie voorheen was nie."

Hoewel die betrokke partye nie in dié stadium oor die inhoud van die gesprek wil uitbrei nie, is daar nog geen samewerkingsooreenkomste oor enige kwessies bereik nie.

'n Volgende vergadering sal egter na verwagting binnekort plaasvind waar die pad vorentoe bespreek sal word, het Eloff gesê.

"Ons is in 'n krisis met die land in die algemeen, maar ook spesifiek met die Trump-administrasie. Solidariteit en AfriForum is vroeër in die jaar na Amerika om te keer dat die Agoa-ooreenkoms gekanseleer word.

"Ons doen dit vir die Afrikaner-saak, maar ook vir die land," het Eloff gesê.

(Bykomende bronne: Netwerk24; Maroela Media)

!Gâi tse Gûre Koning Links

22.8.56 - 06.4.25

DEBBIE HENDRIKS

Onbesonge held van die Kammiesberge. Dit was oupa Corneel Links, 'n ware seun van Namakwaland, koninklik in alle opsigte van die inheemse waardes en beginsels.

Dit was die grondslag van sy inheemse bewussyn en hoe hy met familie en die breë gemeenskap saamgeleef het.

Dit was 'n warm, helder Saterdagoggend op Paas-Saterdag in die eenvoudige dorpie van Kharkams in die Noord-Kaap, waar wyle Koning Links vanuit sy huis na die lykwa gedra is met die geluid van die Methodiste kerkklok en ritme van 'n volle blaasorkes, wat al die pad van Touwsrivier gereis het.

In die familiehuis, waar hierdie groot gees van die Kammiesberge – wat in die Namataal bekend staan as Th'amies – is die verdriet sigbaar op die gesigte van sy lewenslange eggenoot, Ouma Charlotte Links, sy kinders en agterkleinkinders, asook gemeenskapslede en vriende, wat van naby en ver gekom het, om sy familie by te staan.

Saam het hulle agter die stoet gestap deur die strate van die gemeenskap wat hy getrou gedien het, om eer te bewys en vaarwel te sê aan 'n buitengewone dienskneg en nederige leier van die Nama-Khoi.

In die stampvol kerk was dit duidelik dat 'n groot boom in Kharkams geval het.

Dit was veral 'n aandoenlike toneel toe Ouma Charlotte, die kinders en kleinkinders die kerse aangesteek het. Hierna het Oupa Links se swaer, Andy Anderson, kortliks die lewensloop van Corneels Hudson Links uitgelê – van sy vroeër jare in Namakwaland, sy tyd in Namibië, as student wat by UWK graad gevang het, tot waar hy uiteindelik op Spoegrivier beland het.

Hulde is ook gebring deur Zenzile Khoisan, wat oor die jare in die KhoiSan-herlewing met Oupa Links, Ouma Charlotte en ander leiers gewerk het.

In sy boodskap het Khoisan gepraat van Koning Links se inspirerende eienskappe, sy waardes en beginsels waarby hy geleef het, en wat van hom 'n uitstekende leier binne die herlewing gemaak het.

Hy het verder Koning Links gevier vir sy rol as be-waarder en beskermers van die inheemse kennisstelsels, asook sy diep kennis van die natuur, spesifiek in die Kammiesberge.

Ds. Loyisa Pota, het in sy boodskap die familie en breë gemeenskap daaraan herinner dat die Nama Khoi mense 'n volk in Afrika is en "ongegag die bedroeftheid, is ons Hemelse Vader aan die stuur van alles".

Na die diens was dit tyd om die laaste eer aan Koning Links te bring en sy oorskot te vergesel op die grondpad, tussen berge, na sy geliefkoosde Spoegrivier, die plek wat na aan sy hart was.



Familie Huldeblyk

Geliefde Man, Pa, Broer en Oupa
Ons weet die dood is nie finaal nie,
in Christus het hy rus gevind
en is hy uiteindelik tuis.

Vir ons wat agterbly is dit moeilik
om totsiens te sê,

maar ons weet dat ons mekaar
weer sal sien aan die voete van ons Heer.
Ons gaan jou baie mis.

Jou lag en prettige maniere het ons altyd
amusement gevind.

Jou geloof het ons geïnspireer en ons weet
sonder twyfel waar jy jouself

bevind en in afwagting wag ons vir ons
weersiens in die heerlike
teenwoordigheid van ons

Almagtige God.

Dankie dat jy altyd 'n "Gentleman" was en
vir alles wat jy ons geleer het van
Liefde, Geloof en harde werk.

Mag ons net die mooi onthou en altyd
weet hoe om voluit te lewe en gereed te
wees om ter eniger tyd Huis toe

te kan gaan.

Jy sal nooit uit ons gedagtes
verdwyn nie.

Tot wedersiens voor sy troon!



BO: Koning Links se oorskot word uit sy huis in Kharkams gedra. **BO**

REGS: Ouma Charlotte Links wag met harseer vir haar man se oorskot om by die kerk ingedra te word. Links is Koning Louis. **MIDDEL LINKS:** Ouma Charlotte sê 'n gebed in Namagowab by haar man se kis in die kerk. **MIDDEL REGS EN ONDER:** Aansteek van die kerse. **HEEL REGS:** Die lui van die kerkklok. **ONDER LINKS:** 'n Kleindogter blaas die kerse uit, en **HEEL REGS:** Koningin Katrina Esau van Upington.



FOTO'S: IFN MEDIA



LAASTE REIS DEUR KHARKAMS: Koning Corneels Links op sy laaste tog na die begrafnisdiens in die Methodiste kerk op Kharkams, vergesel deur die blaasorkes en gemeenskapslede. **ONDER LINKS:** Chif !Garu Zenzile Khoisan bring hulde aan Koning Links. **ONDER REGS:** Familie en KhoiSan-leiers dra Koning Links se oorskot in die kerk. **FOTO'S: IFN MEDIA**



HY HET DIEP SPORE GETRAP: Andy Anderson (regs) swaer van Oupa Links skets sy lewensverloop. Links van hom staan Greg Autshomato Links.



LAASTE RUSPLEK: Koning Corneels Links op sy laaste tog na die begrafplaas op Spoegrivier, naby Kharkams!





Voetspore van Khoisan sal nooit uitgewis word

DEBBIE HENDRIKS

Die aarde behoort aan die Here; die wêreld en almal wat daarin woon.

Dit was die openingswoorde van ds. Reggie Boesak, leier van die Hessekwa-stam en kapelaan van die Khoisan Herlewing tydens die Danksegging-geleentheid by die Erfenis-sentrum in Riverlands, Kaapstad.

Ds. Boesak het die Khoi en San aangespreek as sy geliefde Khoisan-volk, en gesê God maak alyd ’n plan. “God sê ek weet wat ek vir julle beplan, voorspoed en nie teenspoed nie.

“Ons Herder, Verlosser, en Saligmaker het die aarde geskep. Daarom behoort alles wat op hierdie aarde leef, of beweeg aan God want Hy het dit geskep.

“Dit is waarom dit die Almagtige God, die God van reg en geregtigheid behaag het om die Eerste Inheemse volk, die San en die Khoi hier in die suidelike deel van Afrika te vestig.

God het ’n klein, eenvoudige volk, die Boesman geroep, en God steek sy regterhand uit en vat die Boesman se hand en God roep die Khoi, en met sy linkerhand vat hy die Khoi se hand en ek sien hoe God hulle op die berg op lei en God sê vir hierdie volk gaan die hele wêreld in, gaan klim daardie berge, gaan kruip in daardie grotte, gaan loop in die riviere, in die waterstrome, gaan kyk agter elke rots en klip. Gaan skryf in die grotte en op rotse. En hulle skryf in ’n taal wat God hulle gee, wat God hulle geleer het.”

Volgens ds. Boesak het die Khoi en San het nie rekenaars of tegnologie nodig nie, “want God is self die computer en tegnologie. God leer sy volk persoonlik”.

“God sê vir hulle in my krag gaan skilder, gaan

teken en gaan skryf wat ek sê julle moet skryf. En hulle klou tot diep in die diepste grot, onbevrees wat daar op hulle mag wag.

“My geliefde volk, God het dit alles laat gebeur so dat daardie tekeninge, daardie kunswerke vir eeue daar kan staan, onuitwisbaar. Die moderne mens met die tegnologie en geriewe wat hy het, sal nooit die voetspore van die Khoi en San kan uitwis nie. Dit is daar vir ewig en altyd om te bewys wie se spoor was eerste hier.”

“En nou kom ons by ’n politieke muur wat ons op hierdie oomblik stuit en nou word ons mense bang, ons Khoi raak bevrees en begin bewe. En ons beskuldig ons leiers en mekaar. Ons skel en vloek en praat lelik. Ons word verdeel.

“Kom ek sê vir u, toe die volk van God uit Egipte trek, en God hulle bevry, en die strydwaens van Faro agtervolg hulle en voor hulle kom die magtige see, die Rietsee en hulle word vasgevang in die middel.

“Hulle word bang en hulle slaan mekaar en vloek mekaar en toe kom God tussenin en sê vir Moses: ‘Vat jou kerie en lig dit op na die hemel en vat jou hand en hou dit oor die see en ek sal vir jou wys wat gebeur.’

“My geliefdes toe Moses die kerie omhoog hou en

“...vat jou kerie en steek dit uit na God en God sal kom met die wonderwerk



DS. REGGIE BOESAK

sy linkerhand uitsteek oor die see, toe kloof God die see – toe gebeur die wonderwerk voor die volk, en hulle is verstom, hulle kon droogvoet daardeur loop.

Dit was ’n wonderwerk. Hier staan ons voor die stryd. Ons is bang vir politici en ’n politieke leier wat ons wil stuit, maar ek sê vandag vir u, vat jou kerie my broer, vat jou hand my suster en steek dit uit na God en dan sal God kom met die wonderwerk en hy sal dit oopkloof.

“Vandag staan ons binne in die wonderwerk, wat God vandag gebruik. Wat twyfel u nog? Wat laat u toe dat die duiwel in u oor fluister?

“Hier staan dit wat God kan doen – ’n wonderwerk – en aan hom kom die eer toe, want as God vir ons is, wie kan teen ons wees?

“Maar ons probleem is dat ons die eer wil hê. Maar dit is God se eer en ons moet hom erkenning gee.

Ds. Boesak het toe die gehoor gevra om nie die inheemse leiers af te breek nie, maar hul liever te steun. “Wees lojaal teenoor ons leiers sodat ons geseënd kan wees. Hier staan die wonderwerk en God gaan Sy seën op die gebou plaas,” het ds. Boesak sy boodskap afgesluit.

‘Put God first in all our plans’



PAST. JOHANNES MAARMAN

“We want to thank the First Nation Collective who called me to say a prayer. I want to share with you, while we are planning and thinking God is busy doing, He has already done it.

He said everything goes through our Creator. Whatever we do we must put God first, and not include Him later.

We thank the Father for this great achievement and historical event. We pray for mercy and thank Him for what He has already done.

Thank you Father for the First Nations Collective that you have advised, guided and led to bring about what we

are seeing in front of us today.

We thank you for what you are doing and what you are still going to do.

We thank you for bringing all these people together to celebrate this special moment in the history of the Khoi-San people.

We thank you for this first ever non-fighting, project that you brought about, and we are so thankful for that.

And we pray that you train and lead us as leaders to follow in the footsteps of the First Nation Collective.

We are so grateful and pray for your blessings over us as we come to bring honour to you, because without you we are nothing.”

Erfenis-gebou ’n wonderwerk

“Die gebou wat hier voor ons staan, is ’n wonderwerk – een waarvan ons nooit eens gedroom het nie – en ewe skielik is die wonderwerk hier,” het Chief Poem Mooney, Atakwa-leier by die Danksegging seremonie in Riverlands gesê.

“Hierdie plek is opgerig deur mense met besondere gawes. Ek wil hê ons moet dié plek, dié foto wat ons vandag sien, nooit uit ons geheue laat gaan nie.

“Ons staan eintlik op heilige grond, want hierdie massiewe gebou wat hier verrys het, staan as ’n teken van God se belofte aan ons soos dit geskryf staan in Jeremiah 9:11: Ek weet wat ek vir julle beplan, voorspoed en nie teëspoed nie.”

Chief Poem het toe ’n blik gegee op die tydperk sedert die KhoiSan Herlewing sowat 30 jaar gelede.

“Dit was ’n baie emosionele tydperk in ons lewe. Ons het begin deur ons mense bymekaar te maak en met hulle te praat oor die Eerste Inheemse nasie. Te lank was ons voorouers uit ons geheue gegee.

“Maar ons wat ouer is, het daardie geheue prentjies in ons koppe vasgevat. Geheueprentjies van wat was, van leierskappe wat nie meer saam met ons is nie; oor leiers wat uitgestaan het vir hierdie organisasie, en wat gesterf het, en nooit verbeeld is in die geskiedenis van Suid-Afrika nie.

“Daar is geskiedenis van die eerste koloni-

aliste wat na die land toe gekom het en onder hulle aanvoering het die Khoi-Khoi, die eerste inheemse nasie ’n besitlose volk geword.

“Die grond was van hulle weggeneem, hul krale is vernietig en hulle het vee verloor. En aan die einde van die dag het hulle ’n grondlose proletariaat geword.”

Chief Poem het vertel dat daar in sy hotel-kamer teen die muur ’n plan van die Valkenberg-landgoed is, met die Bloemendal plaas wat gekoop is 1880, die foto van hoe die destydse opstal gelyk het.

“Dan is daar ’n foto van die grondpad waar ’n perdekar getrek word met ’n blik op Duiwelspiek – van 1895.

En vandag, byna 130 jaar later, staan ons deur die vensters van hierdie hoofgebou na Duiwelspiek en ons sê ons is hier!

“Ek wil herhaal dat hierdie gebou ’n wonderwerk is, en ek wil vandag die woorde lees in Psalm 77:12–13: *Ek wil dink aan die dade van die Here. Ja ek wil dink aan die wonderwerke van vroeër. Ek wil nadink oor al u werke en ek wil daarvoor peins.* En in vers 21 sluit die Psalmis af: *U het u volk soos ’n kudde gelei deur die hand van Moses en Aaron.*

“Ons is nie alleen nie, daar is iemand groter as ons wat vir ons beplan, en op Sy bestemde tyd dan gee hy vir ons iets waarna ons vreugdevol uitgesien het. Soos hierdie gebou wat u vandag sien, as u na die gebou kyk moet u mos hande klap. Dit is ons gebou.”



CHIEF POEM MOONEY

Vreugde by ontvangs van naaldwerk-masjiene

